Jou gawes is nie jou gawes nie!

1 Kor 12:7-10 ; Efesiërs 4:12-16 ; 1 Petrus 4:10,11

Inleiding

- Het jy al vir 'n kleintjie vertel dat
    - die persent wat hy/sy pas gekry het
    - eintlik met die maatjies gedeel moet word
        - sodat hulle dit saam kan geniet?!

- As jy dit al gedoen het sal jy weet hulle gaan gewoonlik 'balistic'.
    - daar kom mos eers so uitdrukking van ongeloof oor die kleintjie se gesig.
    - Dan trek die mondjie so afwaarts,
    - die voorkop frons op 'n plooi,
    - hulle haal dan diep asem,....
    - dan is daar bietjie stilte voor die storm...
        - en dan bars hulle los...

- Verlede week het ons geleer dat elke dissipel genadegawes het.
    - Jesus Christus het na sy oorwinning vir elkeen van sy kinders persente uitgedeel.
    - Hierdie persent is
        - die dele van jou unieke lewe
        - waarin jy deur die Here se genade
        - toegelaat is om 'n bietjie beter in te wees as die ou langs jou.

- Maar wat ons vandag ontdek is dat
    - daardie geskenk nie eintlik jóú geskenk is nie.

- Vir party is dit slegte en onaangename nuus,
  - ...soos vir die tweejarige.
- Jy gebruik en spandeer dalk jouself
  - ...slegs op en vir jouself.

- Op drie verskillende plekke in die Bybel
  - leer ons om te verstaan dat
    - jou gawes nie eintlik jou gawes is nie!

- Ons gaan na elkeen kyk en verskillende dinge daar leer:
  - Dat jou gawe ander bemagtig
  - Dat jou gawe versterk die geheel
  - Dat jou gawe daarom 'n diens-hart vra

Jou gawes bemagtig ander
1 Korintiërs 12:7-10

"7Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. 8Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees; 9aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees. 10Aan die een gee Hy die krag om wonders te doen, aan 'n ander die gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê. 11Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil."

- Hierdie is nie eintlik baie moeilik nie.

- Die belangrike woorde hier is:
  - Elkeen afsonderlik / werking van Gees / tot voordeel van almal.

- Jy het iets wat jy moet gebruik tot voordeel van die ander.
- Letterlik beteken dit dat
  - ons elkeen iets van die Heilige Gees af gekry het
  - wat bedoel is om vir die ander nuttig en voordelig te wees.

- Dan volg hier verder 'n lysie wat vir ons logies wys:
  - As iemand iets het, dan beteken dit
    - ...iemand anders het dit nodig,
    - en daarom moet dit gebruik word.

  - Vat bv. die eerste een in die lys.
    - Die een kry die gawe om 'n woord van wysheid te praat:
    - dit beteken dat daar iemand is wat wysheid nodig het,
    - en daarom moet die een met gawe van wysheid dit ook gebruik.
  - So ook met bemoediging, versorging ens.

- Nou hierdie lysie is nie bedoel
  - om 'n volledige een van al die gawes te wees nie.
  - Op ander plekke is daar ook ander lysies wat beskryf
    - watter gawes daar is
    - en dus wat dissipels nodig het om God mee te dien.

- Veral die volgende dinge word genoem:
    - kennis, geloof, gesondmaking, bemoediging, wonders, profesie, onderskeiding, hulp, tale en klanke, diens, onderrig, om te gee, leiding.

- So, jý het gawes en is wie jy is...
    - Nie omdat jy oulik is en dit verdien nie
    - maar omdat ander mense dit nodig het.
    - En as jy gee wat jy het
        - dan bemagtig jy eintlik die mens wat dit ontvang.

- Jy maak dit vir daardie mense moontlik om
    - meer te groei en verder te ontwikkel as wat hy/sy self sou kon regkom,
    - en dan weer húlle unieke gawes nog beter te kan gebruik om vir jou te gee wat jy nie het nie/kort.
    - Só is dit die goeters wat jy weggee wat jou ryk maak.

- Wat is die skrikwekkende teenkant voor God?
- As jy dus...
    - nie weet waarin jy uniek en besonders is nie,
    - of dit nie gebruik nie
    - of wil deel nie,
        - beroof jy eintlik die mense om jou.
            - Is jy niks beter as 'n korrupte regeringsamptenaar
                - Wat vir homself vat waarmee hy moes dien nie.
    - Jy keer ander se groei en ontwikkeling,
    - ...en so jou eie!

- Dis dan ons eerste punt:

- Deur jou geskenke van jou tyd en energie en vermoëns vir jouself te hou beroof jy ander
  - Korrupsie!
  - Jy is die gat waar die energie uitloop.
- Of deur dit alles kan jy ander bemagtig –
  - Wonderlik, fantasties!
  - Trinitas se dissipels het alles vir ons opbou al klaar

- Volgende leer ons dat jou gawes
  - nie net individuele dissipels om jou kan bemagtig vir hulle dissipelskap pad nie
  - maar dat dit die groter geheel kan versterk.

Gawes maak ons sterk
Efesiërs 4:12-16

"12Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. 13So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. 14Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. 15Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, 16en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde."

- Hier sien ons wat gebeur

- as individue hulle gawes begin gebruik om ander te bemagtig
- en dit vir hulle weer moontlik te maak om te doen wat net hulle kan doen.

- So 'n kerk is soos 'n liggaam van 'n mens
  - wat as geheel groei en sterk en volwasse word.
  - Die Trinitas familie word gesond en sterk.
  - Maar daar is hierdie belangrike verskil tussen 'n liggaam en 'n gemeente wat jy mooi moet verstaan!

- Vir 'n liggaam om te groei en sterk te word
  - is net tyd nodig.
  - Jy moet net kos kry en aan die lewe bly
    - en met tyd word die liggaam noodwendig volwasse.
  - Dalk bietjie maer en benerig maar volwasse.

- As dit tog maar waar was van 'n kerk!
  - As jy 'n kerk net tyd gee...
  - ...is dit al wat jy mee gaan sit aan die einde van die dag... tyd wat verby is.
  - Vir Trinitas om volwasse te word en ons man te kan staan is aktiewe gawes nodig.
  - Daarom sê vers 12:
    - "[12]*Sy doel daarmee [gawes] was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.*"

- Christus se liggaam word gebou deur aktiewe gawes
  - Nie deur tyd wat aanstap nie
  - En nie deur warm sitplekke op 'n Sondag nie

- Aktiewe gawes veroorsaak groei
  - in geestelike diepte
  - maar ook in getalle.

- Trinitas se krag lê in jou unieke gawe wat jou wil lei om ook in die bediening te staan.
  - Dit help nie jy wag vir die kerkraad nie...
  - Jý sit met die sleutels vir groei in jou hande!

- Hiervoor is ons besig met 'n totale hersiening van die diakonie.
  - In plaas dat diakens mense is wat klomp werk namens ons te doen
  - Word hulle nou die mense wat vir ons gaan help om self te dien.
  - Hoe? Deur diensgroepe te beplan en te bestuur
    - 'n diensgroep is 'n groep lidmate wat 'n sekere diens of funksie in die gemeente vervul met hulle gawes.
    - Ons het hier en daar 'n paar soos koningskinders, kospakkies, eiendomme, gasvryheid en siekebesoek en CIA
  - Maar ons wil ernstig raak oor nog geleenthede
    - Enige iets van die tuine, sosiale jeug geleenthede, nuwe lidmate verwelkom, koningskinders, bejaarde besoeke, die nuwe bankies en sambrele wat kom opstel Sondae.
  - Ons wil werk met wat die Here ons alles gee.
    - Dan groei ons in diepte
    - En in getalle

- Waar trek ons?

- Jou gawes bemagtig ander individue
- En jou gawes bou die geheel

- Laastens,
  - Gawes wat dít regkry, vra ‘n dienshart

Gawes vra 'n ‘Dienshart’.
1 Petrus 4:10,11

“*10As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy ’n genadegawe ontvang het, die ander dien.*

- Elkeen moet na mate van sy gawe <u>*dien*</u>...
  - nie heers of baasspeel nie
- In die verlede was kerk ongelukkig ‘n baie mag-behepte plek.
  - Mense was trots oor posisies, seggenskap en mag.
  - Wie ken wie – die binnekring van die skinderkring van die broederkring
  - Almal se linkerhand het baie goed geweet van hulle regterhand
  - Mense het mekaar geboelie.
  - Maar deur die Here se genade het die kerk ook hierdie plek in ons samelewing verloor
    - En daarmee saam het die boelies ook geloop
- Ons is gestroop om weer ons roeping as dienaars in die wêreld te ontdek.

- Soos kelners gesteld op die behoeftes van mense om jou
  - Nie omdat jy vir hulle werk nie
    - maar omdat jou Here
      - jou so aangestel het

- om maar net uit te deel
- wat Hy vir jou gee om uit te deel
- soos wat Hy dit wil hê.

- Mens kan nie anders as om hier te dink aan die beeld van Jesus in Filippense 2 nie:

5Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:
6Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.

- Jesus self
  - Het met sy eie dood en opstanding aan die kruis vir jou sonde die dieptepunt van 'n dienshart gewys.
    - Die baas van die heelal, diens self die skuld van sy eie onderdane.
  - As dit nie jou dienshart laat klop nie...
    - beteken dit dalk dat jy nog sy dienshart moet leer verstaan.

Slot

- Jy en wat jy het is gawes ...maar jou gawes is nie jou gawes nie.
    - Ek hoop nie hierdie nuus laat jou huil nie
    - Want as jy die evangelie verstaan behoort dit jou te laat glimlag.

- Wat het ons ontdek?

    - Jy het die voorreg om ander te bemagtig
    - Die geheel te help versterk
    - En die evanglie-goeie-nuus vir ander te demonstreer met ‘n weggee dienshart

- Wanneer jy jou gawes so gebruik
    - is die direkte gevolg groei vir die liggaam in alle opsigte.

- Mag ons elke dag raaksien hoe
    - die Here ons elke dag deur sy Gees met liefde en genade bedien,
    - sodat ons met vrymoedigheid mekaar al hoe beter sal kan dien
        - tot eer van sy groot Naam.

- Jou gawes is nie jou gawes nie.

Amen

Griffel van Wyk
23 Aug 2015
Trinitas